

Saterdag 1 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 7:15-23

Fokusgedeelte: Matteus 7:18

Aan jou vrugte word jy geken!

Jesus was nogal hard op die Fariseërs! Hoekom? Omdat hulle mense onder die indruk gelaat het dat hulle op die smal pad is, maar eintlik met die breë pad op pad is na die verderf (Matt. 7:13-14). Die Fariseërs was vals profete! Die probleem met vals profete is dat hulle altyd so goed oorkom. Hulle oorreed jou met “logika”, met sjarme, met mooi filosofieë (sien 1 Kor. 1:20vv.). Hulle laat jou nie noodwendig aan God twyfel nie, maar aan mens se verstaan van God en sy openbaring. Geen wonder nie dat vals profete in Openbaring 13:11 en verder as die dier uit die aarde geteken word, wat “ho-rings soos ’n lam s’n gehad het”. Dit lyk mak, maar as dit praat, is dit die draak se praat wat uitkom! Dit is die wolf in skaapsklere wat in die skaapkraal inkom en daar die skape verskeur. Vals profete vat jou weg van die ortodoksie, dit wil sê die beproefde en algemeen-aanvaarde waarhede in God se Woord. Hulle sê “Here, Here”, maar erken Jesus nie as Here nie. As dit dan enigsins moeilik is om te weet of ’n profeet Jesus net met die mond bely, sê Jesus: Kyk na die profeet se daede. Kyk na sy lewe, sy doen en late. Die ware profeet vertoon die vrug van die Gees (Gal. 5:22, 23). Hierdie vrug, weet ons, het te make met jou verhouding met God (liefde, vreugde, vrede), jou optrede teenoor jou naaste (geduld, vriendelikheid, goedhartigheid) en jou eie karakter of inbors (getrouheid, nederigheid en selfbeheersing). Ons noem hierdie gehoorsaamheid aan God “ortopraksie”. Om God se wil te doen soos dit bekend is, geopenbaar is. Hierdie gehoorsaamheid is nie iets wat die lig op jouself laat val nie, maar op God. As dit bedoel is as iets wat die mense oor jôu moet laat “ooeee” en “ahhh”, het jy jou loon op aarde reeds weg (Matt. 6). Die dryf na gehoorsaamheid is egter juis geleë in die bewustheid van God se liefde vir ons! Daar-om leef dissipels, wat op die smal weg is, in lyn met God se wil.

Dink vandag hieroor: Is ek besig om myself te voed met die ortodoksie sodat ek ortoprakties kan leef? Watter profete laat ek in my lewe toe?

Bid vandag hieroor: Gee my die vrug van die Gees, o Here!

Sing: Skrifberyming 15-1:2, 4

Dr. AJ (Braum) Krüger (Benoni)